**Johannes 13:1-17, 31-38** **Leef jou Roepong** **London, 15 Maart 2015**

SA Gemeente se roeping in VK slide
Terugblik op **Leef jou Roeping** slide

**Skriflesing en prediking** slide
**Laaste opdragte** om hulle voor te berei voor sy sterwe en opstanding...

**En die heel belangrikste wat julle altyd moet weet is: Hier is iemand wat vir my tot die uiterste toe lief is** – **v 1** ons vergeet dit amper makliker as ons sonde en foute en tekortkominge

slide *NIV translates verse 1: "Having loved his own who were in the world, he now showed them the full extent of his love."*

**Jesus was uitgesorteer rondom sy roeping** – **v 3** – Hy was secure in sy verhouding met sy Vader – daarom kon Hy maklik dien!!!

Dien kom nie vir ons natuurlik en maklik nie... nie eers die eenvoudige sake nie... benede ons... baie moeilik vir ons...

Interessant - gebeur in 'n tyd **toe Hy homself voorberei om te sterf** – ons dien die moeilikste as dit met ons sleg gaan!!! Wil wag tot dit met ons beter gaan, as dit nie met ons goed gaan nie, moet ander ons bedien, verwag ons dit en is ons kwaad as niemand uitreik en omgee nie...

**Daarom staan Hy op**, trek sy bo-klere uit, bind 'n handdoek om **en begin sy dissipels se voete te was...** slide

Vuil werk, nie eers Joodse slawe doen dit nie...

Dissipels weet voete moet gewas word – algemene gebruik, slawe of hulle wat die minste is doen dit gewoonlik... en niemand doen dit nie... wil nie eers daaroor praat nie en dan doen Jesus dit

**Voetewas** word deur die gasheer gedoen, gereel – eenvoudige goeie maniere – omdat die dissipels stry wie die belangrikste is, is nie een bereid om dit te doen nie... eenvoudige taak van gasvryheid: Jy is welkom in my huis, jy het moeite gedoen om te kom en ek het waardering daarvoor... uit dankbaarheid sal ek jou vuil stof-voete was...

**Jesus keer die sosiale orde en gebruike op sy kop** - kinders was ouers s'n, vrouens mans s'n, dissipels hul meesters s'n

Die **hoogtepunt van Jesus se bediening** breek nou aan en wat doen **Hy - was hulle voete**, dien hulle, word die minste, gee sy reg en voorregte prys, sterf weer

Jesus dink nie vir een oomblik dat Hy te belangrik is nie, dat Hy hom nou gaan verneder nie, dat dit te veel gevra is nie, dat dit nie nou 'n goeie tyd is nie

Klim van sy troon af, trek slaweklere aan, dien, is nederig

**Moeilik vir dissipels:** slide

- Ontbloot hulle **selfsug** - Jesus het al met hulle in verlede hieroor gesels – **Luk 9:46** – hulle stry oor wie is die NBste – maw stry hule eintlik oor wie is die minste NB – ons wil net nie laaste wees nie...
- **Petrus** sukkel om te verstaan dat sy meester dien... **v 8**
- **Judas** se plan was oorwinning en heerskappy, moeg om die minste te wees... soek aksie... **v 2, 11**
- Dien is die moeilikste om te doen, omdat **ons die minste moet wees**... en ons moet dit eintlik die beste vertsaan vanuit die kultuur waarin ons groot geword het...

En dan kom die **uitdaging – ROEPING - in v 13-15:** ***"Volg my voorbeeld... was mekaar se voete"*** **slide**

**Vir ons moeilik** om te dien, ons is beter met koppe-was, die minste te wees, ons regte prys te gee, die slegte werk te doen, steur ons tog so baie aan wat die mense sal sê, aansien, status en posisies...

Kerkaad/leiers uitdaging – voor-dieners

**Verstaan diens verkeerd: Selfregverdige diens** – soek beloning, soek die kollig, kom uit eie vermoë as verpligting, gedryf deur resultate, kieskeurig, emosies-gedrewe (as ek lus is...), tydelik projek-gedrewe, vernietig gemeenskap omdat dit gebruik word om ander te manupileer en jy jouself verhoog bo ander...

**Uitdaging bly egter - dien!**

Nie uit skuldgevoelens of verpligting of dwang of verdienste nie – omdat iets diep binne jou verander het, omdat Iemand jou verander het...

**MAAR: Ontdek dat Jesus vir jou tot die uiterste toe lief is**

**Ontdek dat Hy jou voete wil was, jou wil skoon maak**, nuut maak

Omdat dit is wat HY gedoen het – **Fil 2:5**

**slide**

Jesus was nie sy dissipels se voete om hulle aan te moedig om nice te wees met mekaar nie, Hy weet dat dit die **kragtigste manier is waarop die evangelie uitgedra gaan word... v 35**

Storie van die uitbrei van die Christendom in die Romeinse Ryk

**Die nuwe gebod is nie**: Jou naaste soos jouself nie... dit is 'n ou en bekende gebod, niks vreemd nie

Dit is: Julle moet vir mekaar lief wees, **soos Ek vir julle lief is...**"

Die **nuutheid van hierdie gebod** lê opgesluit in die **potensiaal** wat dit het om ons verhouding met mense en ons getuienis in die wêreld tot 'n **totaal ander vlak** te lig!

> as bloot 'n Jesus na-aap

> 'n emosionele besluit, of natuurlike reaksie

= 'n doelbewuste, berekende besluit, keuse wat ons moet neem:

Ek wil dié pad stap... liefhê soos Jesus lief was... beste getuienis vir ons geloof, maar ook die sterkste gom wat 'n gemeenskap aan mekaar vasbind... sien dit die beste in hoe ek dien!!

**Petrus: v 36-38** Moenie sterf vir my nie, leef hierdie liefde... dien... wees die minste... was mekaar se voete... moenie die belangrikste probeer wees nie... hou op kompeteeer, hou op om kleinlik te wees... help as dit jou iets kos.. jy hoef nie terug te baklei nie...

**slide**

**Ons kan nie dien as ons nie lief is vir mense nie.... Joh 13:35...**

Terug by Jesus se uitgesorteerheid van sy roeping – **v 3,** by die kern van wie HY was... Lief vir ons

Wat staan in ons kern?